



Laerskool Swartkop

H/v Viking & Campbellstr Valhalla 0185 Posbus 21025 Valhalla 0137
Tel 012-654-1181 Faks 086-560-1819
e-pos kantoor@laerskoolswartkop.co.za Besoek ons webwerf by www.swartkop.co.za

24 Junie 2020

Geagte Amper-Swarrie-ouers

Hiermee wil ons graag die voorlopige datums vir Gr1 2021 aanlynregistrasies bevestig as 25 Junie tot 25 Julie 2020. Hierdie datums is Vrydag, 22 Mei 2020, aan die publiek uitgestuur, maar ons wag nog vir finale goedkeuring vanaf die Departement van Onderwys.

Die registrasieproses het, vandat die Departement dit al in werking gestel het, u as ouers onseker gelaat. Ons visie en missie by Laerskool Swartkop is om hierdie onsekerheid vir toekomstige Graad 1 ouers te minimaliseer en om u te bemagtig om hierdie uitdaging positief aan te pak. Daarom is die volgende dokument saamgestel om u as ouer, nie net agtergrond te gee nie, maar ook om u te bemoedig.

Hiermee 'n paar kernpunte van die aanlynregistrasieproses:

- Hierdie proses kan glad nie die seggenskap van die ouer wegneem om hul kind by die skool van hul keuse in te skryf nie. Ons akkommodeer elke inskrywing volgens die vereistes gestel deur die Beheerliggaam, soos vasgevat in die Toelatingsbeleid.
- Die registrasieproses vereis dat u persoonlike inligting invul. Ons wil vra dat u sekermaak dat u, indien u iemand om hulp nader, iemand gebruik wat u kan vertrou.
- Indien u aanlyn registreer, moet u asseblief binne 7 dae u dokumentasie per e-pos na Me Mathilda Bäcker by inskrywings@laerskoolswartkop.co.za stuur. Indien u per hand die dokumentasie wil inhandig, moet u asseblief 'n e-pos na die voorgenoemde e-posadres stuur sodat ons u afspraak kan bevestig.
- Daar behoort 'n fisiese inskrywing van die skool wat voltooi moet word saam met die aanlyn registrasieproses. Hierdie inskrywingsdokument is beskikbaar op die skool se webtuiste.
- Indien u reeds 'n inskrywingsvorm voltooi en ingestuur het skool toe, moet u aanlyn registreer asook die onderstaande gesertifiseerde dokumentasie instuur Departement toe. Stuur asb die WA-registrasienommer, leerders se naam en van na voorgenoemde e-posadres sodra u dit ontvang het!
- Leerders word volgens hul woonafstand van die skool geplaas (5km soos die kraai vlieg) daarna word hul volgens die ondergenoemde waglysnommers geplaas.
- Laerskool Swartkop se onderrigtaal is Afrikaans. Dit beteken dat alle vakgerigte materiaal en kommunikasie in Afrikaans plaasvind.

Inligting rakende die dokumentasie:

- Die volgende gesertifiseerde dokumentasie moet saam met aanlynregistrasie gelaai word.
 - Albei ouers se ID-dokumente.
 - Geboortesertifikaat van elke leerder wat ingeskryf word.
 - Bewys van woonadres.
 - Bewys van werksadres.
 - Immuniseringskaart.

- Indien u nie die ID-dokumente van albei ouers het as gevolg van die onderstaande redes nie, moet u die volgende stappe volg:
 - U eggenoot het reeds gesterf:
Ons vra dat u die doodsertifikaat, of verklaring van afsterwe wat gewaarmerk is, vir ons sal inhandig. Dit vergemaklik die administrasieproses.
 - U is geskei:
Indien u nog kontak met u vorige eggenoot het, vra ons asseblief ook sy/haar handtekening op die dokument en 'n afskrif van sy/haar ID-dokument.

Indien kontak met u vorige eggenoot nie moontlik is nie, moet u asseblief 'n verklaring gaan aflê en laat waarmerk. Dit vergemaklik die administrasieproses.
 - U is voogde of ouers wat die kind aangeneem het:
U moet asseblief die bewys van aanneming, of bewys van voogskap saam met u dokumentasie inhandig.
 - Handtekeninge van beide ouers:
Die rede hiervoor is in die Suid-Afrikaanse Skolewet No. 84 van 1996 vervat. Die wet verwys na die ouer as die persoon wat moet sorg vir die leerder, hetsy finansiël of andersins. Daarom vereis die skool dat albei ouers vir die leerder teken.

Die wagperiode (Na die voorgestelde sluitingsdatum van die Departement van Onderwys):

- Na die afsnydatum vir alle dokumente wat ingehandig moet word, val die ouers binne 'n tydperk wat ons die wagperiode noem. Hierbinne gaan ons as skool gereeld met u kommunikeer om te bevestig dat ons nog u registrasie by die Departement hanteer. Binne die wagperiode hanteer die GDO (Gauteng Departement van Onderwys) al die ouers se registrasies en word daar korrespondensie tussen die Departement en die skool gestuur.

Ons vra dat u die skool gedurende hierdie tydperk sal ondersteun deur te vertrou dat die skool u kind se beste belange op die hart dra. Indien u nie korrespondensie van ons gedurende hierdie tydperk ontvang nie, moet u asseblief bevestig dat u aansoek by die skool ontvang is en dat u inligting korrek is.

Wat is die waglysnommers?

- Daar is ses verskillende waglysnommers:
 - WA1 - Die huisadres word gebruik om aansoek te doen.
 - WA2 - 'n Broer of suster word as registrasie-opsie gebruik.
 - WA3 - 'n Werksadres is gebruik om vir 'n skool te registreer.
 - WA4 - 'n Registrasie met 'n huisadres wat buite die voedingsarea van enige skool, maar binne 30km van 'n skool, val.
 - WA5 - 'n Aansoek vir 'n skool wat op spesiale gebiede fokus.
 - WB - 'n Registrasie vir 'n skool verder as 30km van die woonadres.

Die aanlynregistrasiestappe:

- U gaan die volgende skakel na die GDE se webtuiste volg:
<https://www.gdeadmissions.gov.za/>
- 'n Geskrewe handleiding sal beskikbaar gestel word sodra ons verdere inligting ontvang rakende opdaterings van die GDE-stelsel.
- U moet asseblief die aanlynregistrasiestappe, soos dit op die skerm vertoon word, volg.

- Indien u enige verdere navrae het, kontak gerus vir Me Esther Cronjé esther.cronje@laerskoolswartkop.co.za of Me Mathilda Bäcker inskrywings@laerskoolswartkop.co.za.

Kommunikasie:

- Ons vra dat ouers die volgende skakels sal volg om voortdurend op hoogte te bly van alle verwickelinge:
- (NB Ouers dit is van kardinale belang dat u asb. die D6+ aflaai want al ons reëlings en dokumentasie word daarop gelaai.)
- [Laerskool Swartkop Amptelik Facebook blad](#)
- [Swarrie webblad](#)

Laai asseblief die d6 Connect toepassing op u foon of rekenaar om ons inligting te ontvang!

Swarrie-Groete



Mnr. M van der Merwe
Skoolhoof



Pappa &
Mamma gebruik
asb die skakels!

♥ GDO Plakkaat-Step-vir-stap
Riglyne met aanlynregistrasies

♥ Verwelkomingswoord

♥ Inskrywingvorm 2021

♥ Alles wat jy wil sien
van ons Swarrie-skool

Visie van ons Skool
Om 'n gelukkige
skoolgemeenskap te wees.

Alles wat jy wil weet!

